

# trinitas

## 1 Verlos

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.  
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

**SONDAG, 6 NOVEMBER 2016**

**OGGEND 09:00**

### **GESTUUR UIT JOU KOKON**

Teksgedeelte: Deuteronomium 9:1-6

Oorsig:

Hoekom is daar in die portaal 'n klompie skilderye van 'n papie in 'n kokon wat besig is om uit te breek? Want dit is 'n wonderlike manier om te verduidelik waarop ons hierdie kwartaal in ons FOKUSTyd gaan fokus. Twee dinge: Die vertrou en vaardighede wat nodig is om as gestuurdes van God uit ons kokon te klouter sodat sy heerlijkheid vir ons vriende en bure duidelik is. Is dit die dinge wat jou terughou? Vandag begin ons deur te gesels oor God se beloftes en ons vertrou.

**AAND 18:00**

### **FOKUSTYD: DIE ROL VAN DIE HEILIGE GEES**

Bybelstudie

Oorsig:

Jesus het ons gewaarsku dat jy soms slegte reaksies sal kry as jy uit jou kokon klouter om sy gestuurde te wees. Het jy dit al beleef? Wat is die rol van die Heilige Gees in jou werk as gestuurde? Ons ontdek dit saam.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

### Dinsdag, 8 November

Lotuslanders byeenkoms 09:30

Bybelstudie 18:30  
(Stinkhoutsingel 18)

Bybelstudie 19:00

### Woensdag, 9 November

Bybelstudie 09:15

#### **SONDAGAANDE: 4DE KWARTAAL**

| Datum   | Geleentheid        |
|---------|--------------------|
| 6 Nov.  | FOKUSTyd           |
| 13 Nov. | FOKUSTyd           |
| 20 Okt. | FOKUSTyd           |
| 27 Nov. | Nagmaal 19:00      |
| 4 Des.  | Geen aandbyeenkoms |



### **FOKUSTyd 4: GESTUURDES!**

Ons is in ons vierde FOKUSTyd van die jaar!

Die tema is GESTUURDES. Die meeste van ons weet dat ons *gestuurdes* is. Maar daar is veral twee blokkasies wat ons keer om dit werklik te leef. Vertroue om uit jou kokon te klim in die onbekende in, en ook die vaardighede oor hoe om dit daarbuite aan te pak. Hoe raak vertroue en vaardighede deel van jou DNA waar jy 'n dissipel is wat aksie neem!? Dit is waarop ons FOKUS in die volgende drie weke deur 'n preekreeks in die oggende en drie Bybelstudies oor die onderwerp.

|                                 | Preektema                         | Bybelstudie temas            |
|---------------------------------|-----------------------------------|------------------------------|
| <b>WEEK 1:</b><br><b>6 Nov</b>  | Gestuur: my vrese en sy beloftes. | Die rol van die Heilige Gees |
| <b>WEEK 2:</b><br><b>13 Nov</b> | Doen dit net!                     | Om die oomblik uit te koop   |
| <b>WEEK 3:</b><br><b>20 Nov</b> | Wat as dit skeefloop?             | Koers hou by die Here        |

Ons vra die bestaande Bybelstudie-groepe om ook vir hierdie drie weke die reeks te volg. Indien daar nie in jou wyk Bybelstudies is nie, oorweeg dan om 'n paar mense te nooi en een te begin! Of doen die riglyne as huisgodsdienste. Die Bybelstudieriglyne is so opgestel dat enige persoon dit kan lei. Jy kan ook Sondagaande 18:00 by die kerkgebou kom inskakel vir die Bybelstudies. Die Bybelstudieriglyne kan gedurende die FOKUSTyd by die kantoor aangevra word of sal elektronies beskikbaar wees by [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

**Neem aksie dissipels: fokus en groei saam!**

## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan hierdie lidmate:

- Pieter Louw (seuntjie van Gideon en Francine Louw ☎0824178226) het die afgelope week 'n operasie in Pretoria ondergaan.
- Henry Smuts (☎0722329341) was die afgelope week met longontsteking in die hospitaal.

### RUSTENBURG BEROEP

Liewe Trinitas, ons het twee Sondae tevore 'n beroep na GK Rustenburg ontvang. Soos elke beroep is ons besig om dit ernstig te weeg om agter te kom waar en hoe die Here ons wil gebruik. Dit is ook iets wat enige Christen moet oorweeg ten opsigte van enige nuwe werksmoontlikheid. Ons gaan ook daar 'n draai maak om die mense te ontmoet en hulle bediening en uitdagings beter te verstaan sodat ons met soveel insig moontlik dit biddend kan weeg, ook in die lig van Trinitas se bediening hier. Ons vra dat julle asb. saam met ons sal bid vir wysheid en insig oor hierdie saak wat baie groot implikasies kan hê vir Trinitas, vir Rustenburg en ook vir ons as gesin. Baie dankie vir die ondersteuning en gebede wat ons reeds ontvang. Griffel en Gretha.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry en vreugdes.**

### VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

|       |                  |             |
|-------|------------------|-------------|
| 06/11 | Johanna Broersma | ☎0722582065 |
| 06/11 | Theuns Erasmus   | ☎0795424277 |
| 07/11 | Susan Smit       | ☎0835896185 |
| 07/11 | Edward Spires    | ☎0825517548 |
| 07/11 | Heili vd Merwe   | ☎0834200204 |
| 09/11 | Doep du Preez    | ☎0826318301 |
| 12/11 | Wimpie Grobler   | ☎0824418490 |

### SESIALE VERJAARSDAE

7 Nov. Heili vd Merwe, 98.

### HUWELIKSHERDENKINGS

|         |  |         |
|---------|--|---------|
| 6 Nov.  | Hennie en Marietjie J v Vuuren ☎0833245702 | 40 jaar |
| 10 Nov. | Dewald en Jenny Pieters ☎0832582314        | 32 jaar |

### SESIALE VERJAARSDAE (80 jaar en ouer) en HERDENKINGS (50 jaar plus)

*Die gemeente sing Sondae 'n seënbede vir lidmate wat die genade ontvang het om hierdie besonderse mylpale te bereik.*

### BYBELSTUDIES

**Dinsdae om 18:30.** Stinkhoutsingel 18.

**Dinsdae om 19:00.** Carterstraat 16.

**Woensdae om 09:15** by die kerk.

### NUWE BYBELSTUDIEGROEP

Dinsdagaande om 18:30 by Stinkhoutsingel 18. Enige belangstellers is baie welkom. Kontak Christa ☎0798779882.

### HUISBESOEKVORMS

Indien jy huisbesoek wil ontvang deur 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi 'n huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie in die saal of **Die Helper** se kassie by die hoofingang.

## ATTESTATE/BEWYSE

Word afgekondig.

## NUWE LIDMATE

Die diakonie is tans aan die stuur van die Nuwe Lidmate-diensgroep. Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel en skryf asb. al jou besonderhede in die boek by die Welkomhoekie in die saal.

## VERJAARSDAGTEE

Vanaf 2016 vier ons graag almal in Trinitas se verjaarsdae. Die volgende verjaarsdagtee vind in 2017 plaas.

Groete: Gasvryheid-diensgroep

# 3 Dienskneg

## ORRELBEGELEIDING

09:00 – Nannes vd Walt

## OUERLINGE AAN DIENS

Alan Brotherton, Jan van den Berg

## DIAKENS AAN DIENS

Dian Smith, Gretha van Wyk

## KOSTER AAN DIENS

Elsa Prinsloo

## KOLLEKTES

**Onder die erediens vir Diakonale Kas**

06/11 – SDDS-fonds

13/11 – Transoranje Instituut

## DATABORDDIENS

Behartig deur die Tegnieuse span

## ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS

Stuur op Maandae 'n blanko e-pos na **preek@gktrinitas.co.za**. (Jy moet elke keer wat jy die preek wil hê 'n e-pos stuur). Die stelsel sal self binne 60 sekondes die preekteks vir jou aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Kontak Hans van Wyk, ☎0828111990, vir inligting. (*Preektekste sal Sondag na 12:00 op ons webblad beskikbaar wees*).

## OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, stuur 'n versoek aan die kerkkantoor of aan Hennie Smit ☎0711063978.

## GEHOORAPPARATE

Dit kan Sondagoggende agter in die kerk onder die trap gekry word. Vra gerus die klankman vir hulp indien u probleme daarmee ondervind.

## VANAF DIE FINANSIESPAN

Die span is deeglik bewus dat lidmate seker wil wees dat hulle oorbetalings reg hanteer sal word. Ons kan nou die versekering gee en met u deel hoe die rekeninge saam gegroeper word. Alle maandelikse bydraes word in die volgende rekening inbetaal:

Bank: ABSA

Tjekrekeningnommer: **530340449**

Alle gelde vir projekte word in dieselfde rekening inbetaal met verwysing na die projek (hieronder in vet gedruk):

### Projekte:

**Uitbreidingsfonds:** Kerkraad se spesiale spaarplan, 10% van bydraes bo begroting.

**Dankbaarheidsfonds:** Spesiale aksie in Oktober 2016 tot Desember 2016.

**Gasvryheidsfonds:** Fondse vir die gasvryheid-diensgroep.

**Projektor:** Projektor in die kerk en klanktoerusting.

**Familieprojek:** Plek waar gemeente gemaklik kan sit en gesels.

**Groeipyne:** Algemene stoorruimte.

**Springkasteel:** Inkomste uit verhuur.

**Chris Buys fonds:** Trustgelde waarvan rente gebruik word om leerlinge te help.

**Studiebeurs:** Trustgelde waarvan die rente gebruik word om eie predikante op te lei.

## **OKTOBER DANKOFFER**

Liewe Trinitas,

Ons is baie dankbaar vir dit waarmee die Here in ons midde besig is! Dit is werklik opwindend om saam geloofsgroei in die Evangelie te ervaar en te smaak dat die Here inderdaad goed is! Op allerlei terreine is ons besig om reeds nuwe dinge aan te pak maar ook om nodige grondwerk te doen vir sake wat nog kom. Ons finansiële sake het al baie verbeter deur versigtige beplanning en bestuur, die delging van al ons skuld en veral ook julle selflose finansiële offers. Ons sê werklik baie dankie vir elkeen wat met graag 'n finansiële bydrae maak om Trinitas op en uit te bou! *Hoe groot of klein ook al.* Ons is opgewonde oor die toekoms.

Daar is egter nog baie ruimte vir verbetering t.o.v. bydraes om die verantwoordelikhede van ons lopende koste te dek. As voorbeeld noem ons dat slegs 67% van ons hoegenaamd iets bydra!

Daar is sekerlik verskillende redes hiervoor waaraan elkeen sal moet werk. Een van die oplossings wat ons voorstel, is om jaarliks 'n Oktober Dankoffer in te stel.

Die doel van die Oktober Dankoffer is om 'n fokusmaand te hê vir:

- Lidmate wat dit dalk beter sou vind om eenmaal jaarliks 'n bydrae te maak vanweë hulle eie finansiële sake.
- Lidmate wat vanweë die Here se besondere seëning 'n ekstra bydrae wil maak, bo en behalwe hulle maandelikse bydrae.
- Lidmate wat besef dat hulle dalk hierdie saak uit die sig verloor het en hierdeur opgeskerp kan word met 'n maklike geleentheid.

Onthou dat ons ook in geloof besluit het om 10% van elke maand se surplus op die begroting eenkant te plaas vir spesiale uitreikprojekte na ons gemeenskap – bo en behalwe wat reeds gedoen word. Ons wil dus nie net gelykbreek nie ... Jesus roep ons om te groei!

Jy kan ook spesiaal hiertoe bydrae deur 'n inbetaling te oormerk vir 'Uitreikfonds'. Oktober is daarom ons fokus-maand, maar bydraes vir die Oktober Dankoffer kan enige tyd gemaak word soos wat dit vir jou moontlik word. Ons sal ook deurlopend in die nuusbrief mekaar op hoogte hou hoe dit verloop. Ons mikpunt vir 2016 is R215 000. Merk jou bydrae eenvoudig "Oktober Dankoffer". Dankie dat ons saam hande kan vat om die unieke geleentheid van Trinitas vas te gryp! Pieter Janeke, Finansies

**Die Dankbaarheidsfonds staan tans op R3 146.**

## **TEESKINK**

Vanoggend skink Ita Schrap se groepie. Sondag, 13 November skink die Lotuslanders. Gretha van Wyk

☎0764688963 is die sameroeper van die diensgroep.

### **PLEK OM JOU FAMILIE TE DIEN ...**

As jy graag Sondae wil help teeskink en nog nie by 'n groep ingeskakel het nie, is jy baie welkom! Skryf asb. jou naam in die saal op die Teeskink-diensgroepplakkaat. Indien jy deel was van 'n groep wat ontbind het, kan jy ook jou naam opskryf. Ons sal jou by 'n nuwe groep indeel. Groete: Teeskink-diensgroep.

### **BEGRAFNIS-DIENSGROEP GROEI!**

Baie dankie aan elkeen wat by die Begrafnis-diensgroep aangesluit het na ons oproep tot hulp. Dankie vir die mooi reaksie en bereidwilligheid om te help! Die diensgroep het meer as verdubbel en daar is beslis ruimte vir nog groei. Kom sit gerus jou naam in die saal op om te help. So dien ons mekaar met Christus se liefde. Groete: Begrafnis-diensgroep

### **MEDEWERKERS (ons het nog medewerkers nodig!)**

Dankie vir almal wat reeds hul name opgegee het. Die medewerkerslyste is in die saal by die ouderlinge se kennisgewingbord opgesit. Kontak gerus jou wyksouderling of vir Alan Brotherton ☎0834685243 met enige vrae.

### **KINDER-EREDIENSBEGELEIDING**

Ons is baie opgewonde oor die ouers wat hulle kinders stuur om die begeleiding by te woon ! Ons gee graag terugvoer oor 'n paar tussentydse aanpassings wat ons glo dit nog meer effektief sal maak. Van hierdie kwartaal af word die kinders in drie ouderdomsgroepe verdeel: 3-5jr, 6-7jr, 8-10jr. Die twee jonger groepe fokus

op die Bybelverhale. Dit gee hulle 'n basis om later meer uit die preke en die jeugklein-groepe te kan put. Hiervoor word 'n uitgewerkte lesplan gevolg . Die 8-10 jariges hanteer die betrokke Sondag se preek wat na hulle vlak verwerk is. Die kinders sal tydens die liefdegawe weer by die erediens aansluit. Ons benodig meer mense om te help! Enige persoon wat graag hier wil dien, kan na die erediens voor in die kerkgebou met Corrie Botha of Petra Tromp kom gesels.

Kontak gerus vir Petra Tromp

☎0823316151 met enige verdere vrae.

### **KLEUTERKERK**

Met die implimentering van die Kinder-erediensbegeleiding, is daar 'n besluit geneem om die voorskoolse katekisasie (kleuterkerk) wat gewoonlik na die erediens, tydens jeugbediening, plaasgevind het te stop tot verdere kennisgewing. Indien daar enige vrae hieroor is, kan dit met Corrie Botha ☎0833047680 bespreek word.

### **JEUGBEDIENING**

Ons wil graag die volgende inligting met die gemeente deel rakende die belydenisaflegging vir 2016 en 2017.

#### **BELYDENISAFLEGGING VIR 2016**

1. 10 November 2016 (18:30) - Belydenisklas ondervraging by die kerk
2. 20 November 2016 - Belydenisaflegging

#### **BELYDENISAFLEGGING VIR 2017**

Soos reeds gekommunikeer in die nuusbrieff en tydens 'n inligtingsessie gaan die proses van belydenisaflegging

verander vanaf 2017. Dit is op die stadium belangrik om kennis te neem van die volgende twee punte:

1. Belydenisaflegging is nie gekoppel aan ouderdom of skoolgraad soos vantevore nie, maar aan geloofsgrypheid en begeerte met die verstandhouding dat die jong gelowige minimum graad 9 voltooi het.
2. Die jong gelowige kan vanaf graad 9 aansoek doen om in die belydenisgroep opgeneem te word en aan die einde van die daaropvolgende jaar belydenis van geloof aflê.

Dit is baie belangrik dat almal besef dat belydenisaflegging 'n saak tussen die individu en die Here self is en nie bloot 'n proses wat volg uit die aantal jare wat 'n kind by jeugbediening betrokke was nie. Dit is 'n begeerte wat by die betrokke persoon moet wees om sy/haar geloof te bely voor God en die gemeente.

Die einde van die jaar staan nader en dit is tyd vir jong gelowiges van graad 9 en ouer om aansoek te doen om in die belydenisgroep van 2017 opgeneem te word. Dit sluit ook volwassenes in wat by die gemeente aangesluit het wat nog nie belydenis van geloof afgelê het nie en wel nou die begeerte het om so te doen. Die volgende datums is belangrik:

- 13 November 2016 - Alle aansoeke word skriftelik gedoen en moet voor of op die datum ingedien wees by André Moolman of Philip Snyman.

- 17 November 2016 – Elke aansoeker bied sy aansoek aan in persoon aan 'n groep soos deur die kerkraad saamgestel. Aansoekers wat nog op skool is moet deur hul ouers vergesel word vir die gesprek.

Die persone sal spoedig in kennis gestel word oor die uitslag van hul aansoek en die nodige inligting sal met hulle gedeel word oor die prose vorentoe in 2017.

Indien daar enige vrae is oor die proses kan dit bespreek word met André Moolman ☎0828592186 of Corrie Botha ☎0833047680..

DNA Groete



Ons benodig nog vier persone om volgende jaar te help met jeugbediening. Kontak André ☎0828592186 of Rochelle Moolman ☎0824544147 indien jy belangstel.

Beplanning van die eenheid wat behandel word vanaf Sondag 6 November:

### **Graad 1 – 3**

#### **EENHEID 7: LEER OOR GOD**

*Om God se karakter te ken, help my elke dag*

Les 30: God maak 'n dag langer

#### **EENHEID 8: GOD SE GOEIE PLANNE**

*God het beplan dat Jesus gebore word en dat ons Hom sou aanbid en ander van Hom vertel*

- Kersfees  
Les 31: God se belofte  
Les 32: Jesus is gebore  
Les 33: Wyse manne aanbid Jesus  
Les 34: Johannes stel Jesus voor

#### Graad 4 – 6

##### EENHEID 7: DIE ISRAELIETE REIS DEUR DIE WOESTYN

*Om God te leer ken, kan my help in my elkedag se aksies en my verhouding met ander*

- Les 30: Die koper slang

##### EENHEID 8: DIE BELOOFDE VERLOSSER

*Ons kan God se geskenk van liefde en verlossing aanvaar en groei in ons liefde vir Jesus*

- Kersfees  
Les 31: God se belofte aangekondig  
Les 32: Die engel se besoek aan Maria  
Les 33: Geboorte van die verlosser  
Les 34: Jesus word groot

#### Graad 7 – 9

##### EENHEID 5: TIENERS VAN DIE BYBEL

*Ou Testament tieners*

- Les 26: Josia – die kind wat koning sou word  
Les 27: Daniël – die jong man wat vir God opgestaan het

##### EENHEID 5: TIENERS VAN DIE BYBEL

*Nuwe Testament tieners*

- Les 28: Maria – die meisie wat alles gewaag het  
Les 29: Jesus – die student wat wysheid gesoek het  
Les 30: Die vrygewige kind wat sy ete gedeel het

#### Graad 10 (Heidelbergse Kategismus)

HK SONDAG 32-52: Dankbaarheid

**Neem kennis dat jeug kleingroepe vir Graad 7 – 12 Sondag om 16:30 sal plaasvind. Dit gee ons jeugleiers genoeg kans om behoorlik deur die lesse te werk en ook nog betyds te wees vir die aandbyeenkoms.**



**DIE HELPER** is 'n diens wat praktiese hulp met klein takies in en om die huis bied vir lidmate wat nie self daarmee kan regkom nie. Dit is tipies bedoel vir verswakke of bejaarde lidmate, en vir enkellopende dames. Neem gerus die vrymoedigheid om gebruik te maak van **Die Helper**. Vir hulp of raad, los 'n briefie in die houtkis in die voorportaal of kontak Jan van der Westhuizen ☎0844890144.

#### PROJEK – GROEIPYNE

Trinitas-familie het 'n probleem waaroor ons baie bly is! Vanweë groeiende gebruik van die fasiliteite op die terrein benodig ons ekstra stoorplek sodat ons die bestaande lokale doelgerig kan gebruik. As spesiale projek wil ons graag 'n skeepsvrachouer (*container*) aankoop sodat hierdie momentum nie gekeer word nie. Die koste beloop ongeveer R25 000. Bydraes hiervoor, groot of klein, kan gemaak word in ons lopende rekening. Merk dit asb. as 'Groeipyne'.

#### VERSPREIDING VAN KLERE

Lidmate wat wil help met die verspreiding van klere wat die diakonie ontvang, kan Oom Faan en Tannie Jakkie Coetzee kontak ☎0829243284.




## KRUIDENIERSWARE BENODIG

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy van die volgende items aankoop (plaas skenkings in groot houer in die saal naby die kombuis): **Koekies en lekkergoed** word benodig vir Desember se kospakkies. Bring dit asb. voor 30 November, die laaste pak-geleentheid. **(Plaas bydraes in die houer in die saal.)**  
Jolani Lourens 📞0823359586.

## TV-SKERM BENODIG

Die Toekomstspan is tans besig met 'n inligtingstonbank vir die saal. 'n TV-skerm word benodig. Die skerm gaan gemeente-inligting, asook die ou gemeentefoto's vertoon. Dit vorm dus ook deel van die Fotoprojek. Enige skenkings uit die gemeente sal waardeer word om dit moontlik te maak. Die koste beloop R4 000 vir 40"LED TV skerm, met USB en HDMI poorte. Kontak Hardus Visser 📞0828215642.



## HERWINNING

Die Here stuur ons om sy skepping op te pas om Hom ook so vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal weksdae tydens kantoorure of Sondag by die herwinningsarea agter die katkisasie-lokale af. Daar is 'n werker wat dit uitsorteer. Maureen van Helden is die sameroeper 📞0823922093.

## DR. FRANS MINNIE

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir**

## lidmate van Gereformeerde gemeentes.

Kontak die Kerkkantoor vir afspraak. Donasies kan inbetaal word by: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

## 4 Gestuur

## LOTUSLANDERS BYEENKOMS

Al die Lotuslanders word uitgenooi na die jaareindfunksie wat op Dinsdag, 8 November om 09:30 gehou word by Boutique Riandi (h/v Frikkie Meyer- en Chopinstraat - aan die regterkant van die 'gat' inkopiesentrum. Lavender was altyd daar geleë). Die spreker is Adriaan Wiechers wat 'n baie interessante praatjie gaan lewer. Bring jou vriend of vriendin saam. Laat weet asb. voor vandag 11:00 of u teenwoordig gaan wees. Koos en Babsie 📞0836505227.

## EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS

Philip Snyman 📞0834681035,  
Anne-Marie Snyman 📞0798756743 of  
Christa Snyman 📞0798779882.

## ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR

Kontak: Gert Visser 📞0834491036  
Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748



## Kontakpersoon:

Hardus Visser  
📞0828215642

## TOELIGTINGSGELEENTHEDE – 4e KWARTAAL

6 Nov. – Bekendstelling van die werk van die Gideons van S.A.  
20 Nov. – Kerkplanting in Vereeniging

Kontak Gert Visser ☎0834491036



### **BELANGRIKE DATUMS VIR NOVEMBER**

- 8 Nov. Lotuslanders jaareindfunksie
- 13 Nov. Ouderlingvergadering
- 20 Nov. Belydenisaflegging
- 27 Nov. Nagmaal, familie-ete en diakonievergadering

### **GKSA NUUS**

#### **BEROEPE ONTVANG**

- Ds. GJ Erasmus (Gert) van Komatipoort na Meyerton.

#### **OP DIE KENNISGEWINGBORD**

- Geopende Deure
- FEBA Radio Nuusbrief
- GK Jeugkatoornuus
- Cross Courier: GKSA tydskrif (Engels)
- Frankfort Riviertoeer 30 Nov - 4 Des.
- GK Brooklyn Eerstejaarskamp 2017
- GK Cachet Eerstejaarskamp 2017
- GK Stellenbosch Eerstejaarskamp 2017
- Wwesskamp in die berge 2017 (jongwerkendes en senior studente)

#### **KRUISPAD**

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA ([www.kruispad.net](http://www.kruispad.net)). Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

#### **WERKSOEKENDES**

(Indien jy werk nodig of wil aanbied, kan jy dit deurgee aan die kerkkantoor vir plasing in die nuusbrief).

- 'n Grondslagfase (Gr. R – Gr. 3) onderwyspos word nodig in Sasolburg, Vaalpark, Vereniging of Vanderbijlpark.

Kontak vir Griffel ☎0823543726 indien jy weet van iets.

- Graad 8 Wiskunde klasse. R150 per uur. Elizma Powell ☎0792904140.

#### **VLEISVERKOPE**

Theuns Odendaal verkoop lam, skaap, bees- en vark vleis. Pryse is as volg: R70/kg A en B-graad. R68/kg C-graad. R58/kg D-graad. (Hierdie pryse is geldig tot slegs 10 November.)

#### **TRINITAS-BOEK-HOEK**

Franciska vd Merwe ☎0827818032.

#### **BYBELS EN PSALMBOEKE**

Maak gerus gebruik van die Bybels en Psalmboeke in die voorportaal.

#### **NAAIMASJEN BENODIG**

'n Naaimasjen wat nog in goeie werkende toestand is, wat geskenk kan word aan persoon in ons gemeente wat volgende jaar mode-ontwerp gaan studeer en dit nodig het vir haar studies, word benodig. Kontak Corrie Botha ☎0833047680.

#### **KENNISGEWING**

Daar was die moontlikheid dat Griffel vanaf 2017 bietjie meer tyd sou afstaan aan die werk van die Kerkgroei deputate. Sommige lidmate dra dalk kennis hiervan. Vanweë sake wat onvoorsiens aan die kant van die Kerkgroei depute verander het, gaan hierdie beplanning nie voort nie.

#### **DANKIE BRIEF**

Namens die Kleurlinggemeenskap van Nieuwoudtville, Noord-Kaap wil ons baie dankie sê vir die Bybels, skryfbehoeftes en klerasie. Blydskap van ons plaasmense en

groter omgewing was groot. Alles wat geskenk is, kan ons gebruik en vele gate toestop. Uit die eie mond van plaas Kleurling: "As jou hande saamgevou is in gebed, dan kan jou vinger nie na jou medemens wys nie". Seënwense, JN Kotzé



oktober 2016

| Naam      |
|-----------|
| Bianca    |
| Porche    |
| Joelle    |
| Melvin    |
| KameSha   |
| Lee-Ann   |
| Erdiako   |
| Nethozo   |
| Franchell |
| Sheldon   |
| Eyeflon   |
| Doney     |
| Shivir    |

Namens Kleurling  
gemeenskap van  
Nieuwoudville,  
Baie dankie vir die  
Klere, speelgoed en  
Kyte en bekke.

## KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



**Kerkkantoor:** Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faks no.: 086 219 5728

**Kerkkantoortye:** Ma. tot Do.

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

**Skriba:** Gerrit van Wyk 0823328550

**Kosters:** Elsa Prinsloo 0794778699

Theuns Odendaal 0832561387

**Orrelis:** Nannes v.d. Walt 0833041841

**Bankbesonderhede van kerk:**

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark

Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

**Predikant:** Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za

## INLIGTING VIR NUUSBRIEF

Alle artikels vir die nuusbrief moet asb. voor Donderdae 12:00 by die kerkkantoor wees, sodat finale wysiging en taalversorging kan plaasvind voordat dit Vrydagoggend afgerol word.

Kinder-erediensbegeleiding  
Jona (Jona 1-4)

